Rauch se luisterlied, pop ewe bevredigend

DIT moes die een of ander tyd gebeur – iemand wat 'n waarlik klassieke Afrikaanse lied opneem naas moderner komposisies, en skielik die hele luisterlied-ritueel deurmekaar krap. Die persoon wat dit gedoen het, is Laurika Rauch, en die liedjie is Jan Bouws se wonderlike toonsetting van C. Louis Leipoldt se "Op my ou ramkiekie", wat opgeneem is op Rauch se jongste plaat, *Vir Jou*.

Een van die geheime van ligte musiek, soos Bouws maar seker alte goed besef het, is om lirieke met 'n bepaalde inhoud te smee met musiek wat daardie inhoud musikaal aanvul.

Rauch se vertolking daarvan, met haar gebruiklike goeie aanvoeling vir stemmingsbou, is 'n welkome wegswaai van die toonsettings op haar tweede langspeler, *'n Jaar in my Lewe*, wat sowel gehalte as trefkrag betref. Dit laat jou ook weer besef dat alles nie heeltemal wel was met die sogenaamde luisterliedjies wat die laaste klompie jare so hoog in die mode was nie. Hoeveel van ons nuutskeppings kan vergelyk met iets soos "Op my ou ramkiekie"?

'n Ander gedagte wat Rauch met hierdie plaat tuisbring, is dat sy 'n sterk vertolker is van die luisterliedjie, maar dat sy ewe verkwiklike pop musiek maak.

'n Probleem wat sy nog telkens ondervind het, is om die ewewig tussen die twee soorte (hoe fyn die onderskeiding ook mag wees) mooi te tref. Ek onthou goed hoe teleurgestel sommige mense destyds (ten onregte) met *Debuut* was omdat dit te veel pop inhoud had.

Hier sou "Ramkiekie" en "Wiegeliedjies" kan deurgaan vir luisterliedjies (albei baie bevredigend, met laasgenoemde 'n mooi reaksie op haar swangerskap), terwyl "Rondomtaliemallemeule" en "Vir jou" op die grens tussen die twee beweeg. Albei laasgenoemde liedjies maak 'n sterk indruk, met veral die orkestrasie op "Vir jou" wat die aandag trek.

Onder die suiwer pop kan Rauch trots voel op haar vertolking van David Kramer se "Alleen", Wilhelm Liebenberg se "Maskers" (die hinderlike skrilheid tussen inhoud en weersprekende musiek ten spyt), asook die twee nommers wat Anton Goosen en Awie de Swardt gekomponeer het, "Don Quixote" en "Grootstad".

Haar "gebruiklike" Koos du Plessis-nommers, "Stemme in die môre" en "Em (sic) maak net soos ek wil", bewys weer dat hierdie vennootskap veel vreugde lewer vir die luisteraar. Maar dan moet ek byvoeg dat Du Plessis al liedjies met sterker melodieë geskryf het as hierdie.

Rauch en De Swardt se "Meraai se saamry" staan uit bo die ander materiaal om sy helderheid van visie, en die skerp waarneming van 'n bevolking van oordaad wat daarin opgeneem is. Net De Swardt se "Besoekers" het 'n hinderlike wêreldsmart, met beelde soos "Maalkolk" en die eensamheid-in-veelheid wat te na aan "Rondomtalie" staan om die plaat te versterk. Binne 'n ander konteks sou dit waarskynlik meer bevredig, maar hier nie.

Nou ja, waar plaas 'n mens dan *Vir Jou*? Ek dink dit is 'n verbetering op *'n Jaar in my Lewe*, veral omdat dit nie enige pretensies het op kunstigheid nie, maar met 'n eerlike, onopgesmukte aanslag 'n suiwer bydrae maak tot die eietydse Afrikaanse ligte musiek. Ek vind soms die eenselwigheid van vokale aanslag hinderlik; daarteenoor word verveling teengewerk deur die ruimer gebruik van orkestrasie, dikwels met verruimende gevolge.

Moontlik is Rauch besig om die pas te markeer, en met goeie motivering; haar keuse van sterk materiaal is egter afdoende bewys dat sy nie in dieselfde skeppende hiaat is waarin so baie van die nuwe geslag Afrikaanse kunstenaars vasgeval het nie.

LAURIKA RAUCH – twee "babas": 'n nuwe plaat en 'n regte eersteling een van die mooi dae.